testpapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

## GRAAD 9

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **45**

**TYD:** **1½ uur**

*9AFHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | OPSTEL | (30 punte) |
| AFDELING B: | TRANSAKSIONELE TEKS | (15 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: SKRYF EN AANBIED (OPSTEL)

### VRAAG 1

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ opstel van **250–300 woorde**.

2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.

3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.

4. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.

5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.

6. Voorsien die skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL:** Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

## OPSTEL OPDRAGTE:

1.1 **Die "euwel" van SMS-taal**

| |
|---|
| ***SMS-taal is 'n euwel. Dit behoort ten alle koste bestry te word, want dit vernietig die taal. As gevolg van SMS-taal kan leerders nie meer ordentlik skryf nie. SMS-taal word sommer in opstelle en formele briewe ook gebruik!"*** |

***Stem jy saam met die stelling dat SMS-taal probleme veroorsaak of nie? Argumenteer jou opinie.*** **[30]**

**OF**

1.2 Wie sal my ooit glo?

*Vertel die verhaal volledig.* **[30]**

**OF**

1.3

| |
|---|
| Vir drie maande is hulle onbewus dat hy in die solderkamer skuil … op hulle spioeneer, na elke gesprek luister … |

*Vertel die verhaal volledig.* **[30]**

1.4 Kies EEN van die onderstaande visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel.

1.4.1



[Bron: Google images]

[30]

**OF**

1.4.2



[Bron: Google images]

[30]

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ skryfstuk van **100–110** woorde.

2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.

3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.

4. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.

5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.

6. Voorsien die skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL:** Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

## TRANSAKSIONELE TEKSTE OPDRAGTE:

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Julle het ŉ maand gelede na ŉ ander dorp verhuis en jy het jou beste vriend(in) agtergelaat. Skryf ŉ vriendskaplike brief aan jou vriend(in) waarin jy hom/haar van jou nuwe dorp, skool, vriende en huis vertel. **[15]**

**OF**

2.2 **TOESPRAAK**

Jou gunsteling-onderwyser/es het ŉ bevordering by ŉ skool in ŉ ander dorp gekry. Die hoof het jou gevra om ŉ toespraak by die volgende saalbyeenkoms te lewer om van hom/haar afskeid te neem.

Skryf die toespraak vir hom/haar wat jy tydens ŉ saalbyeenkoms gaan lewer. **[15]**

**OF**

2.3 **UITNODIGING**

Jy vier binnekort jou vyftiende verjaarsdag. Ontwerp ŉ uitnodiging waarin jy jou vriende na die geleentheid nooi.

(ONTHOU! Geen punte word vir versierings toegeken nie.) **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**
**GROOTTOTAAL: 45**

Kopiereg voorbehou